GRAND CANYON

Luiperds veiliger in Klein-Karoo

Luiperds kan van Anysberg naby Laingsburg tot by die Baviaanskloof in die Oos-Kaap op bewaringsgebiede stap danksy 'n nuwe natuurreservaat bekend as Grand Canyon, skryf Eben Human.

Kyk hoe stap die luiperd deur die Klein-Karoo. Die laaste korridor is bygevoeg om die Anysberg-reservaat met die Baviaanskloof te verbind oor berggebiede soos die Klein- en die Groot-Swartberge. Foto: CAPE LEOPARD TRUST

Die aankoop van vyf plase met 'n oppervlak van 12 800 ha is goeie nuus vir natuurbewaring en gaan nou lei tot verdere navorsing oor roofdiere wat boere soms baie pla.

Maar dit is dalk die botaniste wat uiteindelik nog harder gaan juig.

'n Groot plantkenner soos dr. Anne Lise Schutte-Vlok van Oudtshoorn is al lank een van die groot dryfvere om die biodiversiteit van hierdie streek te bewaar.

Schutte-Vlok is die streeksekoloog van CapeNature se Gourits-streek en is al deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteit-instituut vir haar werk vereer.

Praat jy met haar oor die korridor genaamd Grand Canyon kom jy gou agter waaroor sy so opgewonde is.

"Daar is lank hier met vee geboer. As ons die veld eers 'n goeie tyd gegee het om te herstel, kan van die oorspronklike plantegroei weer verskyn," het sy gesê.

Ook dr. Quinton Martins van die Cape Leopard Trust is baie opgewonde oor sy navorsingsprojekte wat nou verder in die Klein-Karoo uitgebrei gaan word. Twee nuwe navorsers, dr. Bogdan Cristescu van Roemenië en Kristine Teichmann van Kanada, gaan hom hiermee help.

"Ons sal al hoe indringender moet kyk na die interaksie tussen roofdiere soos luiperds, rooikatte en jakkalse," het Martins gesê.

Groot veeverliese waar van hierdie roofdiere voorkom, is vir baie boere 'n probleem.

Martins het reeds begin met 'n projek om veewagters op te lei. Hulle word byvoorbeeld geleer om GPS-data te versamel en word dan eko-wagters genoem.

"Die eko-wagters help ons om data te versamel," het Martins gesê.

Anysberg met Swartberge verbind



Grafika24

As daar eers bewyse is dat die eko-wagters 'n voldoende impak het, kan dit tot nuwe werkskepping lei, het die navorser gesê.

Schutte-Vlok sê wanneer die Grand Canyon-grondgebied eers goed herstel het, is die kans goed dat daar nog nuwe plantspesies ontdek gaan word. Dit is waaroor sy so opgewonde is.

Die Anysberg-reservaat is geleë tussen Ladismith, Laingsburg, Touwsrivier en Montagu.

In 2001 het die Leslie Hill Vetplant-Karoo-trust die plaas Allemorgens van 10 000 ha aangekoop om die reservaat verder uit te brei.

Destyds is nie besef wat 'n goeie skuif dit was nie.

Jan Vlok, Schutte-Vlok se man en 'n groot kenner van die streek se plante en ekologie, is toe in 2002 gevra om 'n kaart van Anysberg se plantegroei op te stel.

Hieroor het Lize von Staden, van Sanbi se program vir bedreigde spesies, agt jaar later in *Veld & Flora* geskryf.

Sy het toe genoem dat een van die dinge wat dadelik Vlok se aandag getrek het, die kalkrantjies op die eertydse Allemorgens was.

Jan en Anne Lise het die kalkgrond van 888 ha van die Anysberg daarna gereeld gefynkam.

Met die eerste oogopslag lyk dit kaal, met min plantegroei, maar hy en Anne Lise het al 11 nuwe spesies hier ontdek, en dit lyk nog nie soos die einde nie.

Sommige van hierdie spesies het byna verdwyn weens oorbeweiding, maar toe die veld eers kans gekry het om te rus, het hulle teruggekeer.

"Ons het nou 'n stuk grond van 215 044 ha as bewaringsgebied.

Die Grand Canyon-deel is deur die Wêreld-Natuurfonds Suid-Afrika (WWF-SA) aangekoop met geld van die Leslie Hill Vetplant-Karoo-trust," het Anne Lise verduidelik.

Só lyk 'n deel van die Grand Canyon-grondgebied wat 'n groot aanwins vir natuurbewaring in die Klein-Karoo is. Foto: CAPENATURE

Marius Brand, bestuurder van die Anysberg-reservaat, het gesê dit gaan nou vir die luiperds nog makliker wees om oor 'n baie groter gebied vrylik te beweeg.

"Die potensiaal vir toerisme in Anysberg gaan terselfdertyd baie verbeter. Ons het reeds wild soos gemsbokke, rooihartbeeste, duikers, elande, koedoes, steenbokke en die Kaapse bergsebra."

Ook is die potensiaal vir bergfietsroetes byna onbeperk, het Brand bygevoeg.

TE KOOP

Private Natuurreservaat van 1500 ha tussen Montagu en Barrydale

TUISTE VAN DIE OEWERKONYN – EEN VAN DIE WÊRELD SE MEES BEDREIGDE SPESIES

ONTWIKKELINGSREGTE VIR LUUKSE LODGE, SPA EN 10 VILLAS, ELK MET EIE TITELAKTE

BESOEK WWW.KAMISOA.CO.ZA - SKAKEL 0833754117 OF 082 894 6068

Kenners lei navorsing

Jan Vlok en sy vrou, Anne Lise, is met hart en siel betrokke by natuurbewaring in die Klein-Karoo, sê mense met wie hulle in aanraking was.

Die boek (*Plants of the Klein Karoo*, Emdaus Press, 2010) wat hierdie twee plantkenners geskryf het, is tans uit druk.

"Die teks moet weer aangepas word met nuwe inligting vir die herdruk, maar ons kan net nie tyd vind om dit te doen nie," het Anne Lise gesê.

Ook dr. Quinton Martins is wyd betrokke met sy roofdiernavorsing – van Namakwaland tot die Cederberge, die Bolandse berge en die Klein-Karoo. Hy het verlede jaar ook in Amerika gekyk hoe word die konflik tussen die mens en vrylopende roofdiere bestuur.

Sien die volgende webwerwe vir meer oor bewaringsgebiede in die Klein-Karoo:

Die plantnavorser Jan Vlok saam met sy vrou, Anne Lise, en dogter, Marlene (middel).

Die luiperdnavorser dr. Quinton Martins van die Cape Leopard Trust. Foto's: VERSKAF

■ Sanbona-wildreservaat: Dié reservaat van 54 000 ha (vetplant en renosterveld) naby Barrydale het leeus, seekoeie, olifante, buffels en jagluiperds na die Karoo teruggebring. Die bedreigde oewerkonyn is ook hier te kry. www.sanbona.com

■ Kamisoa-natuurreservaat: Die oewerkonyn kom ook in dié reservaat langs Sanbona voor. Die eienaar het oordontwikkelingsregte. www.kamisoa.co.za

■ The Nature College van die skrywer Johan Fourie is op die Aardvark-natuurreservaat van 3 400 ha tussen Riversdal en Ladismith. Hier word studente opgelei, en daar is verblyfgeriewe vir besoekers. www.naturecollege.co.za en www.aardvarklodge.co.za